

7

HOE LYK ONS HART?

God is liefde

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan dat God se liefde ook sigbaar word deur ons liefde vir ander.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God bewys sy liefde vir ons almal deur Jesus se kruisdood.
- God se liefde word sigbaar deur ons liefde vir ander mense.

Gesindheid

- Die kinders moet veilig voel omdat God hulle liefhet.

Vaardigheid

- Die kinders moet liefde konkreet utoeleef.

MEER INLIGTING (1 Johannes 4: 7-21)

⁷ Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. ⁸ Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. ⁹ Hiêrin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. ¹⁰ Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. ¹¹ Geliefdes, as dít is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. ¹² Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik. ¹³ Hiêraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.


¹⁴ En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het. ¹⁵ Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God. ¹⁶ En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.


¹⁷ Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. ¹⁸ Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. ¹⁹ Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. ²⁰ As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. ²¹ En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Die hart-legkaarte soos hieronder op ’n A5-papier, twee vir elke kind – een SONDER die woorde en een met die woorde. Maak vir jou ook een met woorde, reeds soos ’n legkaart uitgekniip.
- Maak ook een van dieselfde grootte uit karton om in die klas op te plak.





KOM ONS BEGIN

Lees of sing Gesang 334: 1 en 2 en open dan met gebed.

*“God is Liefde!” juig ons harte,
en bedink wat liefde doen:
Dat Hy ons sy Seun gestuur het
om ons sonde te versoen.*

*Hy wat eerste liefgehad het,
het in liefde ons vergeef –
nou kan ons, uit God gebore,
uit dié bron van liefde leef!*

HET HULLE ONTHOU?

Laat die kinders vertel –

- hoe hulle gesin deel is van die kerk.
- van die SMS wat hulle vir 'n maat gestuur het.
- watter beelde in die Bybel gebruik word om die Here en die kerk se verhouding voor te stel.

Laat die kinders die woorde van 1 Korintiërs 12: 27 saamsê: *Julle is die liggaam van Christus...*

Kyk of die kinders die volgende vrae kan beantwoord:

- Wat beteken die woordjie *kerk*? *Om deur die Here geroep te wees, of om aan die Here te behoort.*
- Wie beskerm en versorg die kerk? *God self.*
- Hoekom moet die kerk aan die Here gehoorsaam wees? *God vra gehoorsaamheid van ons en sorg vir sy kinders in die gemeente.*
- Hoe glo ons en word ons deel van die kerk? *Deur na die prediking uit die Woord van God te luister, ons te bekeer, gedoop te word, en so deel van die gemeente te word.*
- Waarmee vergelyk die Bybel die Here en die kerk se verhouding? *'n Huisgesin om God se versorging uit te beeld; 'n bruid en bruidegom om sy liefde te bewys; 'n wingerdstok en lote om ons vaswees aan Hom en die vrugte wat ons moet dra te beklemtoon; die hoof (kop) en liggaamsdele om God se verhouding met ons duidelik te maak.*
- Hoekom vergelyk die Bybel die kerk met 'n liggaam? *Om te verduidelik dat ons soos liggaamsdele aan mekaar verbind is en vir mekaar moet omgee.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Dit is ons grootste voorreg dat God ons eerste liefgehad het. As ons God se liefde sien en beleef, behoort dit ook maklik te wees om ander mense lief te hê. As ons God liefhet, sal ons ook ons naaste liefhê, maar as ons ons naaste haat, kan ons nie sê dat ons God liefhet nie. Dan is ons leuenaars.

As ons gesindheid nie reg is nie, kan ons God nie gelukkig maak nie. Ons is die liggaam van Christus op aarde, en daarom moet ons met verantwoordelikheid na mekaar omsien. Die drie-enige God moet die middelpunt van ons lewe wees. Die liefde wat jy van God ontvang, moet jy weer laat uitstraal na –

- jou familie.
- jou gemeente.
- jou naaste (alle mense, veral dié wat in nood is).
- die wêreld – die omgewing rondom jou.

IETS INTERESSANT

God se liefde is die hartklop van die gemeente. God se liefde vir ons word sigbaar in die skepping wat Hy onderhou, deur Jesus se geboorte, lewe, dood en opstanding. Jesus se dood en opstanding het vir ons elkeen nuwe lewe verseker. Hy het die dood oorwin en die nuwe lewe moontlik gemaak.

Jesus se lewe en die manier waarop Hy mense liefgehad het en ons vandag nog liefhet, is vir ons 'n voorbeeld van hoe ons moet liefhê. Ons moet ook hierdie liefde uitdra na die hele wêreld toe – alle mense, jou familie, gemeente, jou naaste en die natuur en omgewing.

IETS BELANGRIK

Laat een of meer van die kinders die tekste uit 1 Johannes 4 voorlees soos in hulle boeke.

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God (vers 7).

Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes (vers 10).

Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê (vers 11).

Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus (vers 17).

As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie (vers 20).

En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê (vers 21).

IETS OM TE DOEN

- God se liefde is die middelpunt van ons lewe. (Gee vir elke kind 'n blanko hart op papier en 'n papier met die woorde.)
- Plaas jou kartonhart op die bord. Laat hulle op hulle papier met woorde elke deel van die legkaart uitknip. Laat hulle dan die middelpunt van die hart op die middel van hulle bladsy plak – *wys hulle deur joune elke keer op die regte plek te plak. **God se liefde vir ons elkeen is die liefde wat ons na buitentoe moet uitstraal.***
- God het ons elkeen deel gemaak van 'n familie. Ons familie het ons baie lief en versorg ons. Dit is ook die eerste plek waar jy leer van God en sy groot liefde vir jou. **Daarom is die eerste mense waarvoor ons lief moet wees, ons familie.** (Laat hulle die FAMILIE-deel van die hart op die linkerkantste bo-punt plak.)
- Ons het ook 'n groter familie. Dit is die gemeente en die kerk waaraan jy behoort. Sondag is *familiedag* en almal gaan dan saam as familie kerk toe na die groter familie toe. Hier leer jy nog meer van God se liefde vir jou en groei jy ook verder in jou geloof. Gelowige mense het mekaar lief. **Soos wat jou familie vir jou lief is en jou versorg, so is die gemeente ook vir mekaar lief en versorg hulle mekaar ook.** Alles volgens die voorbeeld van Jesus. (Laat hulle die GEMEENTE-deel regs bo op die hart plak.)
- Ons leef mos nie net by die huis en by die kerk nie. Ons leef in die samelewing ook. Oral waar jy gaan, kom jy in aanraking met mense, jou naaste. **Daarom moet ons die liefde van God ook met hulle deel, want die Here sê: *Jy moet jou naaste liefhê.*** Dit doen ons deur daad van dankbaarheid. Ons maak soos Jesus sou maak. (Laat hulle die NAASTE-deel van die hart regs onder plak.)
- Die Here verwag ook van ons om die wêreld, die natuur, lief te hê. Ons het mos lank terug al geleer dat ons die skepping moet bewerk en dit oppas. Ons moet keer dat ons

omgewing, waterbronne, bome, ensovoorts, so bemors en beskadig word. **Ons moet alles doen wat ons kan om die wêreld te beskerm.** (Laat hulle die WÊRELD-deel links onder plak.)

Al vyf hierdie dinge saam vorm die hart van dit wat ons in die kerk moet doen. As ons een ding uitlaat, is die hart nie meer heel nie en kan hy nie die liggaam van God lewendig hou nie. Dan straal die liggaam van Christus ook nie die liefde van God na al die dele van ons lewens uit nie.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle met hulle ouers of maats gaan gesels oor die legkaart. Beklemtoon hulle verantwoordelikheid om liefde te bewys. Wys hulle daarop dat liefde vir God bo alles sigbaar word in ons liefde vir ons naaste, onself en die natuur.
- Laat hulle 'n paar punte neerskryf oor hoe hulle hulle liefde vir God meer sigbaar kan maak.
- BAIE BELANGRIK! Laat hulle 'n maatjie wat lanklaas kerk toe gegaan het, vra om die Sondag oor twee weke, wanneer Les 9 behandel word, saam met hulle na die erediens te kom en saam kategeese by te woon. (Die gedagte is dat so evangelisasiewerk gedoen word.)

LEER

- God het ons eerste liefgehad.
- Ons moet Hom liefhê bo alles.
- Ons het Hom lief as ons ons naaste, onself en die natuur liefhet.
- As ons mekaar nie liefhet nie, ken ons nie vir God nie.
- God bewys sy liefde aan ons deurdat Hy sy Seun aarde toe gestuur het.
- As jy sê jy haat iemand, dan het jy nie vir God lief nie.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 334: 3 en 4 te lees en dan te bid.

*Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde – wat volmaak is –
dryf die vrees en selfsug uit.*

*As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind,
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!*